

Blank Suid-Afrika: Ons vir jou! **Oranje Blanje Blou**

Die berig hiernaas gaan oor die verbod op die vertoon van die ou landsvlag. Dit sou gepas wees om 'n foto van dié vlag by hierdie berig te plaas. Ons keuse is, met trots, 'n foto van 'n wapperende, 'n waiende, Oranje Blanje Blou. Maar dit is deur die ANC se hof verbied. Daarom die leë ruimte hiernaas. Dit was nie Die Afrikaner se keuse nie.


— Redaksie

Op 19 Augustus het die Gelykheidshof op grond van 'n klag wat die Mandela Stigting gelê het, beslis dat die “onnodige of ongevraagde vertoon van die ou landsvlag” verbied word omdat die swaai van dié vlag haatspraak is.

In die uitspraak word dan enkele niksbeduidende voorbeelde gegee waar en wanneer individue die vlag mag vertoon, “solank dit nie aanstoot gee nie”, soos byvoorbeeld in jou eie huis.

Mnr Louis van der Schyff, hoofsekretaris van die HNP, het onmiddellik op die uitspraak in 'n media-verklaring soos volg reageer:

“Die Oranje Blanje Blou is op 31 Mei 1928 amptelik in gebruik geneem. Dié vlag was verlede jaar 90 jaar oud. Onder dié vlag, as amptelike landsvlag, het Suid-Afrika na Republiekwording 'n absolute vrede beleef: “*n voorbeeld van skitterende vrede op 'n beroerde kontinent*”, soos die *Rand Daily Mail* op 30 Julie 1966 geskryf het. Daar was 'n groeiende eenheid in volksgeledere. Die land het 'n ongekennde bloeitydperk op ekonomiese ge-



bied beleef. Suid-Afrika het 'n bekwame Polisie-diens en die sterkste Weermag in Afrika gehad. Daar was bykans geen werkloosheid nie.


“Vir Afrikaners is dié vlag vandag steeds 'n simbool van orde, beskawing, vooruitgang, vryheid, respek vir kulturele verskille en 'n Christelike bestel. Die vlag wat die ANC op ons afdwing, is 'n simbool van verdrukking, moord, wanorde, verval, kultuurvertrapping, rassehaat en 'n antichristelike bestel. Wat die Afrikanervolk aanbetref, is dít haatspraak en verteenwoordig dit uitsprake soos “*Kill the Boer*”.

“Onder die Oranje Blanje Blou is die stryd teen die kommunisme geveg en onder die gewapper daarvan het ons soldate roem verwerf.

“Op 25 Mei 1926 het dr DF Malan gesê: “*n Vlag is 'n sinnebeeld van volksbestaan. 'n Vlag kan die grootste geesdrif skep... kan tot traner roer... kan die diepste dryfvere tot handeling in beweging bring, en kan tot die edelste pogings besiel. Vir 'n vlag kan 'n volk leef, en kan hy veg en sterf*”.

“Die Oranje Blanje Blou is die Afrikanervolk se vlag. Onder die ANC-bewind se wette mag dit na vandag nie meer daar buite gewaai word nie, maar in elke Afrikanerhart sal dié vlag waai, en aanhou wai”.

Na die uitspraak het dit op die sosiale media gegons met 'n verskeidenheid van voorbeelde van die kleurkombinasie van die vlag se kleure soos blomme, (Vervolg op bladsy 7)

RIETBOKSTRAAT 2 POSBUS 298 THABAZIMBI 0380		2 RIETBOK STREET P.O. BOX 298 THABAZIMBI 0380
TEL: (014) 777 1618/87 FAKS: (014) 777 1618 FAKS NA E-POS: 086 614 1129 E-POS: spien@lantic.net	SCHALK JACOB PIENAAR B.PROC (U.P)	TEL: (014) 777 1618/87 FAX: (014) 777 1618 FAX TO E-MAIL: 086 614 1129 E-MAIL: spien@lantic.net
LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER		
WEBBLAD: www.spienaar.net		
PROKUREUR ATTORNEY	AKTEVERVAARDIGER CONVEYANCER	BOEDELBEREDDERAAR ADMINISTRATOR OF ESTATES
TAKSATEUR APPRAISER	ARBEIDSKONSULTANT LABOUR CONSULTANT	

Lente se winter

Die lente is hier, temperature word weer lekkerder, bome begin bot, dae word langer, die voëltjies maak nesies en rooibok-ooitjies begin al hulle dragtigheid wys. Ook by die mens is daar weer 'n nuwe opgewondenheid met 'n seisoen wat draai.

Onwillekeurig laat dit mens ook aan die politiek dink, en dan kan ons net dankbaar wees dat die ANC-bewind nie ook sy kloue op die seisoene kan lê nie, want dan sou lente en somer net so verban gewees het as ons ou geliefde oranje, blanje, blou! Die ANC glo skynbaar net in winter — donker, koue, vaalheid, reptiele wat in gate wegkruip en boere se velde wat afgebrand word.

Die politieke toneel onder die ANC is winter — grou en vaal, eenvormig kleurloos swart, donker en verborge onder geknoei en korrupsie. Sy nuwe leier en staatshoof is as die enigste stukkie wit gesien: ridder op die wit perd, maar nou blyk dit hy is net so 'n onbeholpe ruiters op 'n swart donkie met een oor en drie pote as sy voorgangers. Niks verbeter nie, alles bly winter en hulle probeer met alle mag keer dat die lente moet deurbreek.

Die realiteit van die politiek is egter dat dit dinamies is, en skielik kan verander. Dan breek die politieke lente deur. Dit het gebeur met die val van die Berlynse muur, die opbreek van die “magtige” en “ewige” Sowjetryk en selfs die onverwagte val van die “president for life”, Idi Amin Dada en ons noordelike buurman Robber(t) Mugabe.

Effe verder noord op ons donker kontinent was daar ook die beroemde Arabiese Lente, waar jongelinge die sosiale media suksesvol aangewend het om van diktators en tiranne ontslae te raak. Dié dinge gebeur, want seisoene hou nooit vir ewig aan nie. Daarvan kan selfs die vergane Romeinse Ryk getuig, as hy sou kon praat.

Ook in Suid-Afrika gaan 'n politieke lente aanbreek. Natuurlik is ons ongeduldig, want ons wil dit nou en dadelik sien. Maar 'n seisoen het sy tyd. Die Sowjetseisoen was sowat sewentig jaar. Die Berlynse muur se seisoen was net meer as twintig jaar. Ons is nou al 'n kwarteeu in die politieke winter, en daardie seisoen moet en gaan draai. Dan gaan ons lente aanbreek, soos daar ook 'n Arabiese lente was, want niemand hou van die winter vir altyd nie. Ook nie van die ANC se winter nie!



Politieke ontwikkeling oor 50 jaar (4)

Die politieke gebeure na die 1977-verkiezing

Die Nasionale Party het hom nou onlosmaaklik aan buitelandse druk onderwerp. Daar was toenemende buitelandse inmenging in Suid-Afrika se huishoudelike sake. Mnr Vorster kon die druk van buite nie weerstaan nie.

'n Grondwet wat voorsiening gemaak het dat die Kleurlinge en die Indiërs in die Parlement verteenwoordiging kry, moes nou aanvaar word.

Die ekonomiese toestand van die land het ernstig verswak. Die HNP het in sy propaganda sterk hierop gefokus, veral hoe die swart werker bo die blanke werker bevoordeel is. In 1975 het die reële inkomste van die Blankes met slegs 1% toegeneem teenoor die styging van 9,4% vir die Swartes. Dit was 'n styging van 94% meer as dié van die Blankes.

Links binne die NP was al meer uitgesproke oor hulle standpunte. Mnr Pik Botha het dit duidelik gestel dat wegbeweeg moes word van diskriminasie. Dit het gou duidelik geword dat die NP se beleid was om werkreservering af te skaf.

Die verandering van die grondwet was sterk in die debat tydens tussenverkiesings. Die NP-regering het 'n nuwe regeringstelsel voorgestel wat beteken het dat die land se soewereine blanke regering deur 'n veelrassige regering vervang sou word. 'n Raad van Kabinette sou ingestel word. Dit sou bestaan uit drie ondergeskikte parlemente wat gelyk in status sou wees: 'n Blanke, Kleurling en Indiërparlement. Die veelrassige Raad van Kabinette sou sake hanteer wat gemeenskaplik was aan die Blankes, Kleurlinge en Indiërs.

Die regering het betrokke geraak by 'n persstryd. 'n Engelse dagblad, *The Citizen*, is gestig. Dit was in opposisie met ander Engelse koerante om die regering se standpunte en beleid te verdedig. Dit het bekend geword as die Inligtingskandaal.

Uiteindelik het die Inligtingskandaal 'n groot aantal koppe geëis van politici wat aandadig was. Toe mnr Vorster in September 1978 aangekondig het dat hy as Eerste Minister gaan bedank, was hy ten volle bewus van die doen en late in verband met die finansiering van *The Citizen*. Hy is deur mnr PW Botha as Eerste Minister opgevolg.

Mnr PW Botha het op 9 Oktober 1978 Eerste Minister geword. Die Nasionale Party was verbind tot 'n veelrassige regering. Mnr PW Botha het in 1979 die Schlebusch-kommissie aangestel. Na twee jaar het dié kommissie se aanbevelings uitgeloop op die skeping van die Presidentsraad.

Die belangrikste taak van die Presidentsraad was om weer nuwe grondwetlike voorstelle aan die Regering voor te lê.

Op 1 Mei 1979 het Wiehahn sy eerste tussentydse verslag ter tafel gelê. Die aanbeveling was dat swart vakbonde nie verban moes word nie, want dan sou hulle ondergronds opereer. Die Regering moes dus swart vakbonde toelaat. Werkreservering moes afgeskaf word.

Mnr PW Botha het hervormings deurgevoer wat apartheid verder laat verkrummel het. Die linkse politieke veranderings het onder sy bewind verder voortgesnel. Hierdie sogenaamde “hervormings” was gegrond op die aanbevelings wat deur die Riekert-, Wiehahn- en Erika Theron-kommissies gemaak is.



Ons volk en sy rykdom van geskiedenis

“Eendrag maak mag”. Dit was die leuse op die staatswapen van die Republiek van Suid-Afrika wat op 31 Mei 1961 tot stand gekom het. Die vlag van die Unie van Suid-Afrika (wat destyds op blanke eenheid gerig was) het die Republiekvlag geword. Ons ken dit goed as die Oranje-Blanje-Blou. Afrikanerleiers het geoordeel dat dit onnodig was om ’n nuwe vlag te ontwerp en daarmee ’n vlagstryd te ontketen. Afrikaners en Engelsprekendes het die vlag aanvaar, hoewel daar dikwels verstoë van die kant van Afrikaanse kultuurorganisasies gekom het om die nuwe identiteit van die Republiek ook in die vlag tot uiting te bring. Die teenwoordigheid van die Union Jack was die oorsaak daarvan. Tog is die vlag netso gehandhaaf soos dit was, ter wille van nasionale eendrag. Die Oranje-Blanje-Blou is seker die mees suksesvolle vlag in die geskiedenis van Suid-Afrika. Van die kant van die bantoevolke het daar nooit werklik ’n beswaar daarteen opgeklank nie. Die besware en kritiek dateer maar van baie onlangs en dit kom uit die oord van radikale swartmagbewegings soos die ANC, die EFF en hul geesgenote.

Die hewige reaksies wat uitgebars het op sosiale media na aanleiding van die regterlike betoog dat die vertoon van die 1961-Republiekvlag op “haatspraak” neerkom, is aanduidend hoe diep die Afrikaner-sentiment nog oor die Republiekvlag sluimer. Die vlag is lank reeds verwyder as nasionale simbool, maar vir die Afrikanervolk verteenwoordig dit nog steeds ’n era van stabiliteit, voorspoed, sekuriteit en vooruitgang. Dit verteenwoordig ook meer as dit: ons afkoms en verbinde met die Nederlande, ons vryheidstryd oor honderde jare en die wyse waarop eenheid bereik kon word met Republiekwording in 1961. Daarom word die teenwoordigheid van die Transvaalse en Vrystaatse vlage in die Republiekvlag byna as ’n heilige erfenis beskou.

Op sosiale media was daar andermaal die gewone klakoortjie wat ontsteld was omdat mense wat begaan is oor die Republiekvlag so negatief is dat hulle nie wil aanvaar dat ons nou in ’n nuwe era leef, dat die verlede vergeet moet word en dat ons darem ’n mooi nuwe vlag gekry het.

Daarteenoor word baie planne beraam hoe om die nuwe vlag nou meer te gebruik. Daar word ook die spot gedryf met die sogenaamde verbod. Afrikaners laat

hulle nie so maklik afskrik nie. Mens hoop dat hierdie gees van weerstand wyer sal uitkring oor die hele volk. Iets “kleins” soos hierdie kan iets groots word as dit sou beteken dat die Afrikaners weer hul erfenis in geheel omhels, dat hulle weer nasionale dae sal beskou as geleenthede om hulde aan die voorgeslag te bring, en as hulle werk maak daarvan om vlagsentimente om te sit in kreatiewe idees vir die vryheidstryd van ons volk.

Dat ons vandag in ’n nuwe vryheidstryd staan, kan nie meer betwyfel word nie. Let maar op hoe ons volk se historiese monumente en -simbole telkemale geteiken word: Jan van Riebeeck se standbeeld in Kaapstad, pres Paul Kruger se standbeeld op Kerkplein. In Bloemfontein is die standbeeld van dr Verwoerd reeds kort na 1994 verwyder, soos ook sy borsbeeld by die HF Verwoerd-hospitaal. Name van stede, dorpe en strate word verander — telkens daardie name wat gekoppel is aan ons volk se ryk geskiedenis. Op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat is die standbeeld van adv CR Swart beskadig en verwyder; en onlangs nog is aangekondig dat die standbeeld van pres MT Steyn nou ook van die kampus verskuif sal word.

Die skending van die Afrikaners se taal-, historiese- en kultuurerfenis is ’n omvattende projek van die ANC-regime wat in fases uitgevoer word. Dit is die kern van die saak wat min mense regtig dwing tot besinning. Ons sien kort-kort ’n opflukkering van emosies rondom nuwe ANC-aksies soos grondonteiening sonder vergoeding, rondom die twis oor die springbokembleem op die trui van ons nasionale rugbyspan, rondom aksies van universiteitsowerhede teen die gebruik van Afrikaans. Hierdie sake staan almal in ’n bepaalde verband tot mekaar: dit kom in kort neer op ’n openlike, meedoënlose aanslag op ons identiteit en op ons geskiedenis.

Daar is al nuttige ondersoeke gedoen oor hoe geskiedenis in ons skole verdraai word, en debatte daarvoor duur nog voort. Dit het dalk tyd geword om ons benadering tot kultuur en geskiedenis in sy geheel te beskou, om te besin oor wat dit alles vir die toekoms van ons volk en vir die jeug van môre gaan inhou. Is ons werklik bereid om afstand te doen van ons volksverlede, van die strewe na ’n gemeenskaplike band met mekaar as ’n volk? Of is ons vasberade om ten spyte van alle teëslae en vyandskap ons gemeenskaplike geskiedenis in ere te hou; en om dit ook in ere te herstel waar dit geskaad word?

Dit is al dikwels gesê: ’n volk sonder sy geskiedenis is soos ’n mens sonder ’n geheue, hy weet nie waar hy vandaan kom nie, hy weet nie wie hy is nie en hy weet nie waarheen hy gaan nie. Hoe span ons ons kragte in om dit wat vir ons kosbaar en betekenisvol is in herinnering te hou, en om dit weer as inspirasie vir die toekoms te benut? Daar is soveel meer wat gedoen kan word, omdat ons ’n ryk geskiedenis geërf het, al is dit maar oor sowat 368 jaar in ons land. Ons is tog ook die erfgename van 3000 jaar se kultuurgeskiedenis in Wes-Europa. ■

So is ons verraaai (7)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (Verkrygbaar by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

Die Naturelletrust- en grondwet, 1936

Die politieke gevolge van die Groot Depressie het intussen vir Hertzog in 'n samesmelting met Smuts se pro-Britse party gedwing. Gedurende 1936, terwyl die Boere-Afrikaners steeds in armoede verkeer het, het Hertzog twee wette deur die parlement geloods wat regeringsbeleid ten opsigte van Swartes nog dekades lank sou bepaal. Dit was die *Naturelle-verteenwoordigingswet, no. 12 van 1936* en die *Naturelle-trust- en grondwet, no. 18 van 1936*. Hierdie twee wette het "stemme vir grond" verruil as 'n *quid pro quo* om Hertzog se beleid van segregasie deur te voer.

Die eerste wet het Swartes van die gemeenskaplike kieserslys in die Kaap verwyder, terwyl die tweede wet 'n verdere 6 300 000 hektaar grond, (63 000 km²) by dit wat in 1913 vir uitsluitlike swart bewoning opsy gesit is, gevoeg het. Die totaal sou 151 404 km² of 13.4% van Suid-Afrika se oppervlakte beslaan op 'n tydstop toe die totale swart bevolking effens meer as 6 500 000 was (1936 *Census of the Union of South Africa: 153-155*).

In die tussentyd sou Swartes indirekte verteenwoordiging in die blanke parlement behou: diegene wat van die Kaapse gemeenskaplike kieserslys verwyder is, is op 'n aparte kieserslys geregistreer waar hulle vir vier Blankes kon stem om hulle in die Volksraad te verteenwoordig; verder is daar swart kieskolleges in al vier provinsies gestig wat vier Blankes kon kies om hulle in die Senaat te verteenwoordig. 'n Verteenwoordigende Naturelleraad wat deur Swartes gekies is, is verder ingestel om die Volksraad ten opsigte van swart aangeleenthede in die hele Suid-Afrika te adviseer. Hertzog se uiteindelijke doel was om Swartes in die uitsluitlik "swart" gebiede wat in die *Naturelletrust- en grondwet* in die vooruitsig gestel is, te vestig, waar hulle uiteindelik hulle politieke aspirasies kon uitleef.

Vir die inwerkingstelling van die *Naturelletrust- en grondwet* het die regering £10 000 000 (teen daardie tyd se geldwaarde) vir die volgende vyf jaar bewillig. Hierdie geld is in die Suid-Afrikaanse Naturelletrust (waarvoor die wet voorsiening gemaak het), inbetaal en is gebruik vir die aankoop van die grond wat by die bestaande swart gebiede gevoeg is. Die Trust was ook verantwoordelik vir die administrasie van al die swart gebiede. Die Trust kon grond oordra, maar slegs aan 'n swart (meestal kommunale) gemeenskap. Kritici het beweer dat hierdie stelsel swart eienaarskap vernietig het, maar in werklikheid het stamgrond nooit aan individuele Swartes behoort nie — dit was van die begin af nog altyd kommunale

eiendom, en vandag, na meer as twee dekades van ANC-regering in Suid-Afrika, is dit steeds so.

Met die opstel van die 1936-wetgewing het Hertzog bloot hierdie eeue oue beginsel gevolg. Sy doelwit met hierdie wet was nie net die verandering van transportaktes nie, maar die daarstelling van 'n samehangende strategie vir die vestiging, behoud en ontwikkeling van hierdie gebiede. Dit was eweneens dieselfde doelwit van al die NP-regerings gedurende die laaste helfte van die twintigste eeu. Daar was dus grondige (en baie legitieme) redes waarom die grond nie aan individue oorgedra is nie, maar onder die beskerming van die Trust en die tradisionele leiers aangekoop en ontwikkel is.

Die vals prentjie van grondbesit

Die wette van 1913 en 1936 word dikwels verdoem en voorgelou as uitstaande voorbeelde van wit onderdrukking; en die verwyf van "13% van die land vir 80% van die bevolking" is telkemale (en selfs vandag nog) gehoor. Dit is natuurlik 'n valse voorstelling van die werklikheid. In die eerste plek het Swartes nooit die hele gebied wat later as Suid-Afrika bekend geword het, besit of bewoon nie. Hulle het nooit die droë en halfwoestyngebiede in die westelike deel van die land bewoon nie.

In die tweede plek het Hertzog nie aan die hoof van 'n kommunistiese diktatuur gestaan wat grond wat vir swart eienaarskap beoog was, sonder meer van die eienaars kon vat nie, dit moes met die fondse van 'n finansiële sukkelende staat gekoop word. (Terwyl die konsepwetgewing in die Parlement gedebatteer is, het een omgekrapte LV vir Hertzog gevra wat hy dan vir sy eie (blanke) mense sou doen aangesien hy £10 000 000 van blanke belastingbetalersgeld ten bate van Swartes wou bestee terwyl 300 000 Boere-Afrikaners onder die broodlyn geleef het).

In die derde plek was daar weerstand van Blankes wat teen 1936 oortuig was dat die hele proses en investering 'n futiele oefening sou wees. Met verwysing na die ervaring sedert 1913 het 'n Engelse LV opgemerk dat daar 'n skaduwee oor alle wit gebiede geval het sodra dit vir swart bewoning oorgedra is, want entrepreneurskap het verdwyn, eiendoms waarde het geval, en ontwikkeling het gestaak.

In die vierde plek het die Regering nie bepaal waar die swart gebiede geleë sou wees nie — die Swartes het grond ontvang juis daar waar hulle gevestig het toe hulle die subkontinent betrek het, en dit was hoofsaaklik in die vogtiger oostelike deel van die land. Ongeveer die helfte van die 100 000 km² in Suid-Afrika met 'n vogtige, matige klimaat val binne die swart gebiede; meer as 75% daarvan ontvang meer as 500 mm reën per jaar (die minimum vir droëlandproduksie), in vergelyking met 430 mm per jaar vir die land as geheel; en in die uitgestrekte droë en halfwoestyngebiede in die westelike en noord-westelike dele wat deur Blankes bewoon en bewerk word, is die reënval nog beduidend minder.

Die Oranje Blanje Blou

Uitspraak is op sigself haatspraak

“Die ANC se Boerehaathof het met sy verbanning van die ou landsvlag weer eens gedemonstreer welke klug die Suid-Afrikaanse fopdemokrasie met sy handves van eensydig toegepaste regte is. Gemeet aan sy eie norm dat die vertoon van die vlag verbied word omdat dit vir sommige mense aanstoot gee, is die hof se uitspraak op sigself haatspraak wat vir reggeaarde lede van ons volk aanstoot gee”.

So sê die leier van die HNP, mnr Andries Breytenbach, nadat die Gelykheidshof die vertoon van die Oranje Blanje Blou as haatspraak bevind het.

Hy sê dat die Boerehaathowe in hierdie sogenaamde regstaat blykbaar hulle haat teen die Afrikaner ongebreideld kan uitgiet — dít is nooit haatspraak nie. “Die Konstitusionele Hof het mos al in 2016 te kenne gegee dat *‘white Afrikaner people (se) cultural tradition founded in history, finds no recognition in the Constitution, because that history is inevitably rooted in oppression’*.

“Hoekom gee ons simbole vir hulle aanstoot? Omdat hulle weet: hulle kan nooit wees wat die Witman is nie; kan nooit kry wat die Witman het nie. Wat hulle is, wil niemand wees nie; en wat hulle het, wil niemand hê nie. Daarom moet die Witman en sy simbole van prestasie en oorwinning vernietig word.

“Nou dring Malema daarop aan dat die onvanpaste stukkie van *Die Stem* uit hulle nasionale lied (’n volkslied is dit waaragtig nie) geskrap moet word. Met dié oproep kan ek my instemming betuig. *Die Stem* in daardie lied van hulle is so onvanpas soos ’n goue ring in ’n vark se snoet — en dit is nie die ring wat die vark oneer aandoen nie! Enigeen kan raai wat daarna sal volg: die sing van *Die Stem* sal op soortgelyke gronde verbied



Mnr Andries Breytenbach

word as wat die ou landsvlag verbied is. Intussen is diefstal van ons land en ander eiendom ook nog op hulle agenda — dis mos nie haatspraak nie.

“So word die Boerevolk wat hierdie land aan die wildernis ontruk en dit tot ’n moderne staat opgebou het, stuk vir stuk tot onwelkome vreemdelinge in ons vaderland gereduseer. Al die gegorrel oor konstitusionele regte, die internasionale reg, ’n akkoord van 25 jaar gelede, en dies meer sal nie die proses stuit nie.

“Die oorblyfsel van hierdie volk het alle reg en rede om op te staan en die juk van sy verdrukker en berower van hom af te werp. Vir daardie moment van beslissing moet ons ons geestelik en fisies voorberei. Ons gees van Christenskap, Witmanskap, Afrikanerskap en vryheid kan selfs hulle Boerehaathowe nie van ons wegneem nie. Kom ons waak daarteen om dit nie deur louheid en papheid self prys te gee nie”, sê mnr Breytenbach.

Die Vlaglied

*Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:
Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?
Ons weet hy’s die seël van ons vryheid en reg
vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg.*

*Die pand van ons erf’nis, geslag op geslag,
om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;
Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,
uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.*

*Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,
die vlag van ons eie Suid-Afrika!*




*’n Boek getiteld “Lotsgebonde” handel
oor die verhaal van Frits Joubert Duquesne,
’n dapper Boere- en Duitse spioen.
Dit is geskryf deur Bets Botha.*

Die boek kan bestel word vanaf Bets Botha - 079 353 1997.

Woord en wêreld

Die belangrikheid van gebed in moeilike tye

deur Dr Müller Pretorius



Ons as volk leef in baie moeilike en ook gevaarlike tye. In sulke tye is dit ons as Christelike volk se taak om 'n oplossing te soek. Wanneer ons dan soek, moet ons ons wend na die Skrif. Een van die wonderlikste gebede in die Bybel kry ons in Efesiërs 3:14-21. Wanneer ons in nood is, dan nooi ons hemelse Vader ons uit om na Hom te kom, want Hy gee ons rus (vgl. Matt. 11:28). Ons leef nou ook in die tyd van die Heilige Gees waarin ons ook opnuut daaraan herinner is dat ons getrou moet bid sodat ons nood verlig kan word.

Reeds in Efes. 3:12 (voordat ons hierdie wonderlike gebed van Paulus kry) wys Paulus vir ons daarop dat ons met vrymoedigheid na God kan gaan, want ons hoef nie eers aan sekere protokolle te voldoen om na die Skepper van hemel en aarde te kan gaan nie, soos wat dit byvoorbeeld vir 'n mens nodig is om 'n afspraak te maak om 'n staatshoof of koning van 'n land te gaan spreek nie. Nee, ons kan maar net ons oë in afhankelijkheid voor ons hemelse Vader sluit en ons behoefte voor Hom bring.

Die vers lui so: "In Hom het ons deur ons geloof sekere en vrymoedige toegang tot God". Wat in die Bybel telkens beklemtoon word, is dat ons deur ons geloof in Jesus Christus hierdie toegang tot God het, want Hy is die Middelaar wat tussen ons as sondaarmense en die heilige God wat die sonde haat, kom staan. Ja, ons word oordek met die bloed van Christus wat aan die kruis gevloei het, as 'n kleed van geregtigheid. Nou sien die Vader nie meer ons sonde raak nie en is ons versugtinge vir Hom duidelik en verhoor hy ons ook.

In Joh.14:6 lees ons ook: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie". Die Hebreër-brief herinner ons ook daaraan dat ons met vrymoedigheid die troon van genade kan nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word (Heb.4:16).

Wanneer ons tot God nader, moet ons ook in die regte gemoedstemming wees. Jy moet jouself as 'n sondaar erken, maar ook weet dat Jesus Christus na hierdie wêreld gekom het om sondaars te red. Die Skrif leer ons ook dat as ons tot God nader, Hy ook tot ons sal nader en ons

gebede sal verhoor (Jak. 4:8).

Paulus leer ons ook in hierdie gebed iets oor ons gebedshouding. Hy sê: "Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader...". Nou kan 'n mens 'n hele boek vol skrywe oor verskillende gebedshoudings wat ons in die Bybel kry, maar hier wil Paulus beklemtoon dat hy in die houding van erkenning van respek en ontsag na die Koning van die konings en die Heerser van die heersers kom. Jy buig die knie voor een wat groter en magtiger en heerliker as jy is. Alhoewel ons so 'n direkte en onmiddellike toegang tot die Vader het, doen ons dit altyddeur met die nodige ontsag. Wat ons gebedshouding ook mag wees, is die belangrikste dat ons daardeur ons respek sal toon.

Dan beklemtoon Paulus ook 'n belangrike saak in hierdie gebed van hom as hy in vers 14 en 15 sê: "...voor die Vader van wie elke geslag in die hemel en die aarde sy naam ontvang het". Daardeur wil Paulus vir ons aandui dat alle gelowiges, uit alle tale en volke van die aarde, kinders van God is en dus familie van mekaar is. Dit is nogal moeilik vir die meeste mense om te aanvaar dat jy familie is van die ander mense wat heeltemal uit ander kulture en beskawings kom. Is ek waarlik 'n broer of suster van iemand wat 'n Sjinees, 'n Neger of 'n Rus is? Ja, in Christus is ek familie van alle gelowige broers en susters, al verskil hulle op watter wyse ook al van my.

Daar is egter geen rede waarom ek met hierdie mense fisies moet vermeng nie, want myns insiens is dit duidelik dat ook in die eindtyd, na Christus se wederkoms, daar nog steeds verskillende tale en volke en nasies sal wees. (Vgl. Openb. 7:9). Vir alle praktiese redes is dit werklik nie nodig dat ons daarom nou al hier op aarde alle gelowiges in een kerk moet saamgooi nie, want veral die taal- en kultuurverskille sal dit vir ons baie moeilik maak. 'n Probleem wat egter nie meer sal bestaan in die hernaams nie, is dat ons verheerlikte liggame sal hê en ek glo ook 'n goddelike taal sal praat en verstaan.

Kom ons as gelowiges, uit alle tale en volke, maak gebruik van die gebed op gereelde en volhardende wyse om die Vader in die Naam van Christus te vra om ons te help in die moeilike tyd wat ons beleef.

Oranje Blanje Blou

Van bladsy 1

voëls en 'n pragtige sonsondergang.

Mnr Van der Schyff sê dit is skokkend dat die Kommuniste wat die land regeer, tyd en personeel het om hofuitsprake oor die vertoon van 'n vlag te maak en dat mense wat daardie uitspraak oortree, vir haatspraak aangekla en skuldig bevind sal word. Mense wat toenemend moorde op Blankes, veral op boere, pleeg, kom skotvry. Polisie wat hulle wapens en ammunisie verloor en nie in staat is om wet en orde te handhaaf nie, kom skotvry. Politici wat die land bankrot steel, kom skotvry.

Mnr Van der Schyff wys daarop dat die HNP verlede jaar op 31 Mei 'n volksaamtrek by Paardekraal gereël het waar die Oranje Blanje Blou se negentigste verjaardag gevier is. Verskeie ander regse organisasies is genooi om aan die feesvierings deel te neem. Die volk is daarheen opgeroep. By dieselfde geleentheid is ook die Republiekwording op 31 Mei 1961 herdenk. Die deelname en opkoms was teleurstellend.

“Die EFF het klaar gesê die volgende wat verbied gaan word, is **Die Stem van Suid-Afrika**. Die Stem is ons volk, die Afrikanervolk se volkslied. Haal maar die afskeepgedeelte uit die ANC-volkslied. Die stukkie van Die Stem hoort in elk geval nie daar nie”, sê mnr Van der Schyff. “Wat nou nodig is, is 'n verset-aksie — 'n omdraaistrategie. Afrikaners moet landwyd volksbyeenkomste hou. Doen dit op geskiedkundige dae. Laat ons as blanke volk wat in verskillende organisasies verdeel is, op die beginsels van Afrikanernasionalisme in 'n volksfront saamstaan en in groeiende getalle sulke volksbyeenkomste reël. Daar kan ons die Oranje Blanje Blou hys en waai, want ons as Afrikaners sal nie aanstoot neem nie — ook by ons Gelooftefeeste.

“By sulke volksfeeste sal ons ons volksliedere sing, want ons kan daarmee volkstrots bou en aan ons kinders leer wie die Afrikanervolk is en waar hy vandaan kom en dat dié land ons land is. Ons sal as Afrikaners **Die Stem** sing, want ons wil en ons sal nie aan mekaar aanstoot gee nie. Ons vir jou Blank Suid-Afrika”, sê mnr Van der Schyff.

Kontak ons

Die redaksie van **Die Afrikaner** kan gekontak word by admin@hnp.org.za of by tel. 079 752 4898
Facebook: **Die Afrikaner**



**Dié Land
is ons Land!**

Nommer 12

Potchefstroom-Winburg

Die moord op Retief in Februarie 1838 het egter om wraak geroep, maar nadat Piet Uys en sy seun Dirkie die hoogste tol betaal het, is Potgieter en sy burgers uitgeskel vir die “vlugkommando”. Hy het Natal verlaat om nooit weer terug te keer nie.

Die Matabeles was verslaan, en Transvaal en die Vrystaat het oop voor die Voortrekkers gelê. Potgieter het hierdie hele gebied tot Voortrekkergebied verklaar, en spesifiek vermeld dat dit 'n verowerde gebied was. Die enigste gebied wat nie hierby ingesluit was nie, was dié tussen die Vet- en die Vaalrivier. Op sy terugtog van Natal het hy hierdie gebied in Junie 1838 van Makwana, die Bataung-kaptein, geruil vir 29 beeste en die belofte om hulle te beskerm teen aanslae van ander swart stamme. Hierdie geruilde gebied duskant die Vaalrivier het Winburg as kern gehad, en die verowerde gebied oorkant die Vaalrivier, Potchefstroom.

Terwyl die Voortrekkers anderkant die Drakensberge in 'n doodstryd met die Zoeloes in Desember 1838 gewikkel was, het Potgieter die onafhanklikheid van Potchefstroom-Winburg geproklameer, en met 'n Burgerraad oor die gebied regeer.

Die grootsheid van 'n leier soos Potgieter het na vore gekom toe hy ter wille van eenheid onder die Voortrekkergemeenskap Potchefstroom-Winburg in Oktober 1840 onderhorig aan die Republiek Natalia verklaar het. Sodoende het die Verenigde Voortrekkerrepubliek tot stand gekom met Pietermaritzburg as hoofstad en setel van die Volksraad. Andries Pretorius was die Kommandant-generaal en Potgieter die Hoofkommandant wat Potchefstroom-Winburg verteenwoordig het.

Laasgenoemde sou jaarliks Volksraadslede afvaardig na Pietermaritzburg waar hulle by die maak van landswette betrokke sou wees. Die grense het die reeds omskrewe grense van die Republiek Natalia omvat, die Vrystaat tussen die Vet en die Vaal, en Wes-Transvaal tot teen die Limpopo.

Ná die anneksasie van Natal in Mei 1883, het Potgieter Potchefstroom-Winburg weer los gemaak van Natalia. Die Britse anneksasie het net tot teen die Drakensberge gestrek. Tydens 'n volksvergadering in April 1844 is die Adjunkraad weer omskep in 'n volle Burgerraad. Die 33 artikels is as grondwet aanvaar. 'n Belangrike verwickeling was dat die suidgrens van die Voortrekkergebied verskuif is tot teen die Oranjerivier.

Hierna, vanweë Britse ingryping, het die Vaalrivier 'n grens geword tussen twee kunsmatig verdeelde Voortrekkergemeenskappe, en het Transvaal en die Vrystaat elkeen sy eie koers ingeslaan.

Nog 'n erfenis beskadig

Op Sondag, 25 Augustus, het vandale die binnekant van die Ou Raadsaal op Kerkplein erg beskadig. Die skade is op die eerste vloer van die gebou aangerig. Stukke plafon het op die vloer gelê. Die matte was sopnat met water uit die brandslange. Die wit poeier van brandblussers het ook op die matte gelê. Tafels en stoele is beskadig.

Volgens inligting was die raadsaal Sondag vir 'n vergadering uitverhuur, maar dit is nie bekendgemaak wie die huurder was nie.

Dit het al oor 'n lang tyd gebeur dat geskiedkundige geboue, veral op plattelandse dorpe, beskadig of afgebrand is. Afrikaner-standbeelde is ook al beskadig.

Die duursame skildery met die naam *De Deputasie* (5 X 2,5 meter) waar pres Paul Kruger aan die kop



van die tafel sit, se raam is ook beskadig. Dié skildery dateer uit 1900.

• Intussen is die Hoërskool Theron op Britstown ook grootliks deur 'n brand verwoes. Vrae word gevra of die dissiplinêre optrede teen sekere leerlinge 'n week tevore iets daarmee te doen het.

Wie is die asielsoekers in Duitsland?

Syfers wat deur die Duitse sensus-buro bekendgemaak is, dui daarop dat daar tans 3,12 miljoen asielsoekers in Duitsland is. In Duitsland word die immigrasie-agtergrond nie op ras gebaseer nie. Waar een van die ouers van nie-Duitse afkoms is, word so 'n persoon as 'n migrant geklassifiseer.

Uit 'n totaal van 83 miljoen inwoners, is 25% nie van suiwer Duitse afkoms nie. Ingeligte woordvoerders sê hoe die syfers ookal geplooi word, sal immigrante uit blanke buurstate tog seker deur die regte kanale vir burgerskap aansoek doen. Waar daar in berigte na asielsoekers (3,12 miljoen) verwys word, is die verwysing heel waarskynlik na onwettige indringers uit Derde Wêreld-lande.

Nie-Duitse immigrasie het so toegeneem dat 42% van die kinders reeds as kinders met 'n migrasie-agtergrond geklassifiseer word.

Berigte bespiegel dat Duitsland reeds in 'n ekonomiese resessie is. Die vraag is of die groot hoeveelheid geld wat aan asielsoekers spandeer word, nie die rede hiervoor is nie.



Die VSA reeds benadeel deur volksvreemdes

In Amerika het 109 distrikte (counties) in 22 state reeds meer nieblanke as blanke inwoners. Die verandering van die bevolking-samestelling word natuurlik deur nieblanke invallers veroorsaak.

Die politieke ontleder, Pat Buchanan, wys daarop dat die Weste die moed sal moet openbaar om die toevloei van invallers te stop. Indien nie, sal die politieke en demografiese karakter van die Weste vir altyd verander word.

Michael Anton, 'n adviseur van die Trump-administrasie, sê die Derde Wêreld-invallers het geen tradisie en ondervinding van vryheid nie. Die gevolg is dat die politiek en die ekonomie al meer na links skuif. Hulle pas nie in by die Amerikaanse tradisies nie. Dit veroorsaak 'n ernstige aanslag op Amerikaanse patriotisme.

HEINRÉ DE BRUIN

Die Moeitedoener



Kontak my vir 'n Mediese Skema of Skemaversterker wat so omvattend moontlik aan u behoeftes voldoen, teen 'n prys wat u sak pas. Of as u hulp en raad met u huidige dekking benodig.

082 953 3222 / 053 531 0123

Finansiële Diensverskaffer – Lisensie 8840

Werda Gastehuis

- * Akkommodasie in Upington.
- * Gratis parkeerplek op perseel.
- * Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
- * Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
- * Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934

admin@werdakamers.co.za